Vrydag 30 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus 12:1-14
Fokusgedeelte: Matteus 12:7

## ’n Dag om God te dien

In ons samelewing het ons nie baie aanmoediging nodig om op Sondag, die opstandingsdag van Jesus, ywerig met ander sake besig te wees nie. Tog glo en bely ons dat die eerste dag van die week aan die opgestane Here gewy behoort te word.

Die Fariseërs was baie streng wat betref die onderhouding van die Joodse sabbat. Dit was die dag wat aan sake van die Here gegee moes word. Hulle wys dus vinnig uit dat die dissipels wat are pluk op dié dag die wet oortree.

Jesus is Here van die Sabbat, en dus groter as die Sabbat. Hy sou die dag kon ophef. Nogtans toon Hy op ’n ander manier hoe die Sabbat gevier moet word. Die grootste gebod is dié van die liefde. As die Sabbat dus in die plek kom staan van die liefdesgebod, moet ons weer nadink waarmee ons besig is. Jesus toon aan ons is nie slaafse toepassers van die wet nie. Liefde en deernis moet in ons optrede die deurslag gee. Wette mag jou nie verhoed of selfs ’n verskoning bied om nie liefde te bewys nie. Dan mag dit wees dat jy die grootste gebod, dié van liefde of barmhartigheid, opsyskuif.

Met Jesus se antwoord aan die Fariseërs is Hy nie besig om die Joodse Sabbatsgebod tersyde te stel nie. Hy verhef dit juis tot ’n dag om God te dien met liefdesdade. Ons mag nie vergeet nie: op die opstandingsdag moet ons besig wees om God met vreugde te gehoorsaam. Om naasteliefde prakties te maak is deel van God se gebooie. So dien ons die Here met blydskap. Die opstandingsdag moet gevier word in gehoorsaamheid aan God en in liefde teenoor ons naaste.

*Sing: Psalm 72-1:10*

*Ds. KA (Anton) Janse van Rensburg (emeritus)*